SAKE 24 (Rapport)
01 Apr 2012, p.6

TRUSTFONDS

# Boedelbeplanning en kundige finansiële advies is belangrike 'bates'

'n Leser sê hy hoor baie van trustfondse en het vrae hieroor.

"Hoe werk 'n trustfonds?"

Dit hang af van die trustakte en die doelwit van die trust. In baie gevalle word trusts geskep met 'n gewaande belastingvoordeel as rede.


Jy kan 'n trust skep en dit 'n trustfonds noem. Dis net 'n deftige naam vir dieselfde ding, uitgedink deur trustsmouse.

'n Trustfonds sal 'n trust wees wat geld namens begunstigdes besit en bestuur. Dis die kern van 'n trust: Die trust besit die bate en nie jy nie. Kortom, die "werking" van die trustfonds gaan afhang van sy doelstellinge.

"Watter stappe moet gevolg word om dit te skep?"

Trusts word beheer deur die Wet op die Beheer van Trustgoed (Wet 57 van 1988). Kry 'n prokureur om die trust namens jou op te rig. Of beter nog, soek een wat in fidusiêre werk spesialiseer.

"As ek vryskutwerk doen, kan ek reël dat die vergoeding in die trustfonds inbetaal word?"



**RAAD MET JOU RANDE**

NICO VAN GIJSEN

Om die geld in die trust te kry, gaan jy óf eers inkomstebelasting daarop moet betaal en daarna nog 20% skenkingsbelasting – wat onnosel sal wees – óf die instansie vir wie jy werk gaan 'n ooreenkoms aan met die trust en jy doen die werk dan namens die trust.

Trusts betaal 40% belasting op inkomste, so dit is regtig 'n dom plan. Tensy jy 'n skelmstreek probeer – wat nooit op lang termyn werk nie – is trustbates nie joune nie. Al wat jy bereik het, was om afstand te doen van jou geld en in die proses het jy van Jan Taks 'n vriendelike ou gemaak.

"Hoe kan ek reël dat my vrou, kinders en ouers kontant uit die trust kry?"

Jy kan hulle begunstigdes van die trust maak. Dis die maklike deel.

Daar lê yslike slaggate opgesluit in art. 7 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). Kortliks behels dit dat belasting wat deur 'n kind of 'n gade betaal moet word op die inkomste uit 'n trust van die pa of ander gade verhaal kan word.

"In watter mate is die dienste van 'n makelaar of prokureur nodig?"

Ek het reeds die prokureur genoem. 'n Makelaar kan jou help om die geld in die trust, of trustfonds, te belê.

Nou die waarskuwing. Ek hoor stories van polissmouse en prokureurs wat saam rondloop en links en regs trusts oprig met belastingfoefies wat my oorblywende paar hare laat rys. Wat hierbo geskryf is, is te bondig om dit as finansiële raad te gebruik. Dis slegs bedoel om lesers te laat dink. Kry 'n finansiële beplanner om na jou sake te kyk.

Trusts het 'n plek in jou finansiële beplanning. Maar ek sal enige trustaanbeveling wat nie op omvattende boedelbeplanning – wat jy op skrif gekry het – gegrond is nie, met 'n knippie sout neem.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae rig aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*